# DIE ROL EN INVLOED VAN DIE FILOSOFIE IN DIE TEOLOGIE

J.C. COETZEE, *Dept. Nuwe Testament, PU vir CHO*

*ABSTRACT* -

*This paper deals briefly with the role of Philosophy in Theology. It is mainly concerned with the background influences of certain philosophers and/or philosophical trends on the theological theories of influential theologians and/or theological "schools" in the history of Christian Theology. Some attention is given to the influence of the ancient Greek philosophical concept of "God" (Plato, Aristotle, the Stoa) on the ideas of the Second Century Apologetes; the threat of Platonic-Gnostic dualism to the early Church as reflected in some later New Testament writings, and its influence on theological thinking up till today; the relationship between certain philosophies and more modern theological developments, i.a. Rationalism, Historical Criticism, Hegel, the Tübingen School, Darwinist Evolutionism, the History of Religion School, Martin Heidegger and Twentieth Century German Hermeneutics. In the short second section the importance of a truly Christian Philosophy for a Biblical-Reformed Theology (and vice-versa) is stated, as well as the necessity for interaction and co-operation between Christian Philosophy and Biblical-Reformed Theology for the development of a truly Christian Scholarship in all fields of science.*

Aan die woord is geen filosoof nie, en daarom word geen aanspraak op diepgaande filosofiese kundigheid gemaak nie. Aangesien hierdie voordrag — soos versoek — net 'n inleiding tot diskussie is, word verwysings na en aanhaling van bekende uitsprake van leidende filosowe en teoloë nie deurgaans gedokumenteer nie. Dank word betuig aan proff. L.F. Schulze en L. Floor van wie se adviese in wat volg, ruimskoots gebruik gemaak is.

## VEROORDEEL DIE NUWE TESTAMENT NIE "DIE FILOSOFIE" NIE?

Dit ontbreek die Nuwe Testament nie aan verwysings na die eietydse filosofie en sy verhouding tot die evangelie van Jesus Christus nie.

Wat onmiddellik opval, is die sterk negatiewe klank: 1 Kor. 1:17-24 het dit regstreeks teen die Griekse "wysheid" en stel met radikale beslistheid "die dwaasheid van die *kerugma* (prediking) teenoor die *sofia tou kosmou* (die wysheid van die wêreld).

In Kol. 2:8 stel Paulus hom ewe negatief op: "Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte *(dia tés philosophias)* en nietige misleiding nie..."

Dit mag hermeneuties gesproke egter hoegenaamd nie as 'n veroordeling of afwysing van die beoefening van die filosofiese wetenskap *an sich* gehanteer word nie. In die betrokke gedeeltes gaan dit immers om die afwysing van die radikaal heidense Grieks-Hellenistiese filosofieë waarin die opstanding uit die dood (1 Kor. 1:17-24) en die monoteïsme (Kol. 2:4-12) verloën word.

Daarteenoor kan 'n waarlik Christelike filosofie (=liefde vir die wysheid) 'n geweldige bydrae lewer om vanuit 'n Bybelse perspektief 'n Christelike geheelbeeld op die deur God geskape kosmos te verkry.

## DIE GRIEKSE GODSBEGRIP EN DIE APOLOGETE VAN DIE TWEEDE EEU

Die antieke Griekse filosowe wou langs die weg van 'n menslik verstandelike speurtog uitkom by wat die god of die gode in sy/hulle wese is. Hulle globale bevinding was: "God" is die hoogste of absolute Syn, die *Arché* van alles wat bestaan. En tog, hoewel aldus in sekere sin kenbaar deur die mens se transendenterende denke, bly "Hy" uiteindelik die "ongegryplike". "God" is die hoogste Idee (Plato), die onbeweeglike Beweger (Aristoteles).

Veral by Aristoteles kom die radikaal transendent-deïstiese karakter van hierdie godsbeskouing na vore:

— "Hy" is die eerste Beweger;
— As sodanig is "Hy" tegelyk die ewige denke wat "Homself" tot objek van die denke het.
— In ewigdurende selfnadenke steur "Hy" hom dus nie aan hierdie wêreld nie.

Vanuit hierdie denkpatroon kom die Stoa later in hulle Godsbegrip by die ideaal van sedelike affekloosheid: die "godheid" is in homself volkome, onveranderlik; daarom bereik ook die mens sy hoogste bestemming en geluk as hy daartoe kom om "soos die godheid te lyk en te doen" — onveranderlik en sonder affekte. Die ideaal is dus 'n mens van *apatheia*. "God" is immers die selfgenoegsame, onveranderlike, apatiese Syn. Die kulminasie hiervan vind ons by die Neo-Platonisme: God is *to hen*, die "Een wat is", die Een wat aan alle syn voorafgaan.

'n Besondere kenmerk van die apologete van die Christelike kerk van veral die tweede eeu is die wyse waarop hulle hierdie heidense denke "gebruik en omvorm" om die evangelie vir hulle heidense lesers "toeganklik" te maak. Kenmerkend is daarom hulle sterk neiging om die God van die Skrifte nie in positiewe, Bybelse taal nie maar 'n tipeise Grieks-filosofiese, negatiewe terme te beskryf: God is onbegryplik, ongeskape (*ageneitos*), onruimtelik (*achoúreitos*), die onemosionele (*apatheïs*). Hy is ondeelbaar (*amereis*), onverganklik (*aphthartos*) en onveranderlik (*analloioutos*).

Hierdie filosofies beïnvloede "onveranderlikheid" en "apatie" van God het in die volgende eeue verreikende invloed in die Christelike denke gehad.

'n Duidelike voorbeeld is die invloedryke Origenes. Wanneer Origenes praat oor wat 'n kernbegrip in die Skrifopenbaring is, naamlik God se goedheid (goedertierenheid), kom die Skriftuurlike uitsig op God se onverdiende liefde in die konkrete heilswerk van Christus nie aan die orde nie. Daarenteen word gehandel in abstrak transendente terme oor God se goedheid as sy *apatheia*, sy goddelike volkomenheid waarvolgens Hy aan Homself genoeg het, nie jaloers is nie en nie soos mense deur hartstogte gedrywe word nie.

## PLATONIESE EN GNOSTIESE DUALISME EN DIE VROEGSTE KERK

Een van die ingrypendste invloede in die vroegste kerk, reeds merkbaar in die latere Nuwe-Testamentiese geskrifte, was die Platonies-Gnostiese dualisme van die goddelike en die stoflike aardse. Dit vind reeds in onder andere Kolossense neerslag maar besonderlik in die briewe van Johannes, waar die strydpunt teen die "valse profete" besonderlik draai rondom die vraag of die Seun van God werklik aards-vleeslike mens geword het en/of kón word (vgl. veral 2 Joh. 4:2-3) en werklik 'n aards-vleeslike dood aan die kruis vir ons sondes (kon) gesterf het (vgl. veral 1 Joh. 5:6-8).

Hierdie heidens filosofiese invloed loop dwarsdeur die geskiedenis van die Christelike kerk tot op hede en kulmineer veral in die dualisme tussen "siel"/-iets goddeliks, sogenaamd "onsterflik" — en die liggaam — iets aards, verganklik, bedorwe. Teenoor die Bybelse leer van die onopgeefbare eenheid van die mens as liggaam-en-siel (of: liggaam-en-gees-in-Christus) kom dan die heidens filosofiese gedagte, wat tot diep in die gedagtewêreld van die kerke deurwerk, van 'n sogenaamde "onsterflike siel" en 'n sogenaamde "stoflike oorskot". Hierteenoor — en so dikwels vergete in die

teologie — kom die evangeliese prediking van: (a) die "heengaan-en-met-Christus-wees" (Fil. 2:23) as voorlopige, wonderlike maar tog nog onvolkome saligheid onmiddellik na die dood terwyl die liggaam nog in die graf lê, en (b) die opstanding van die liggaam, as onopgeefbare, radikaal onmisbare (1 Kor. 15:12-31) element van die geloof in ons Here Jesus Christus. Die MENS, as 'n Godgeskape, geheimnisvolle, volmaakte eenheid, sal in die nuwe, ewige lewe opstaan! Verlossing is dus geen Platonies-Gnostiese ontsnapping uit die "sondig aardse liggaam" van 'n "goddelike siel" nie. Nee, ware verlossing is 'n Messiaanse verlossing van die na-siel-en-liggaam-verlore-en-dooie-mens tot 'n herbore en-na-siel-en-liggaam-herskape-nuwe-mens-op-die-nuwe-aarde.

Hier moes die evangelie in die begin — en die teologie voortskrydend deur die eeue heen — dus lynreg teen 'n mensgedinkte filosofie ingaan.

## DIE FILOSOFIE EN MODERNE TEOLOGIESE ONTWIKKELINGE

Tot sover moes dit duidelik geword het watter ingrypende, sy dit dan negatiewe, invloede die filosofie op die vroeë kerk en sy teologiese ontplooiing gehad het. Ons wil by die moderne tye vanaf die 17de eeu kom. Uiteraard kan dit slegs baie kursories en bolangs plaasvind.

### *•DIE RASIONALISME EN DIE VROEË ONTPLOOIING VAN DIE HISTORIESE KRITIEK*

In die laat sewentiende maar veral in die agtiende eeu kry ons die breë ontplooiing van die filosofies georiënteerde rasionalisme. Die opvallende in dié verband is dat juis hiermee die opkoms in die Bybelwetenskappe van die Historiese Kritiek baie nou saamval. J.S. Semler (1725-1791) kan grootliks as die vader van die histories-kritiese benadering van die studie van die Nuwe Testament beskou word. Sy *Einleitung in die göttlichen Schriften des Neuen Bundes* (1750) dien as landbaken van die nuwe "verligte en kritiese" filosofiese benadering van die Heilige Skrif.

### *•HEGEL EN DIE HOOGKONJUNKTUUR VAN DIE HISTORIES-KRITIESE METODE*

Teen die helfte van die 19de eeu kry ons in die Nuwe-Testamentiese wetenskap die hoogkunjunktuur van die histories-kritiese metode, met as vernaamste eksponent die Tübingen Schule van F.C. Baur. Die roem van hierdie teologiese denkrigting is 'n sogenaamde absolute objektiwiteit in Bybelnavorsing, die "objektiewe beginsel" van die "historiese navorsing".

In *praktyk* fundeer Baur c.s. hulle dan egter in die filosofiese konstruksie van Hegel se

Tese — Antitese > Sintese — model.

Sonder om in besonderhede in te kan gaan: die hele geskiedenis — en daarom ook die interpretasie én evaluering — van die boeke van die Nuwe Testament moet gelees word teen die agtergrond van die (vir húlle vasstaande en tog steeds uiters hipotetiese!) konflik tussen Joods-christendom soos in Petrus vergestalt(die tese) en die Heiden-Christendom soos in Paulus vergestalt (die antitese), wat dan in die sg. Vroeg-Katolisisme, soos in Johannes vergestalt (die sintese), sy vrede vind.

*•DARWINISTIESE EVOLUSIONISME EN DIE GODSDIENSHISTORIESE SKOOL*

Teen die einde van die 19de eeu en die begin van die 20ste eeu kry ons 'n hooggety van deurwerking van Darwin se evolusionistiese filosofie ook in die teologie. Dit lei tot die opkoms van die sg. Godsdienshistoriese Skool (Religionsgeschichtliche Schule) met as enkele leidende figure Wilhelm Bousset en Richard Reitzenstein, wat vanuit 'n evolusionistiese godsdienshistoriese benadering die oorsprong of "oersel" van die Christelike evangelie onderskeidelik in die Hellenistiese Misteriegodsdienste en in die Hellenistiese Gnostiek gaan soek het. Ook die bekende Rudolf Bultmann het hom nog sterk hierby aangesluit, veral in sy interpretasie en evaluering van die Evangelie van Johannes. Veral die ontdekking van die Joods-sektariese Qumrangeskrifte en die Christengnostiese Nag Hammadi-biblioteek — beide in die laat 1940-erjare — het 'n spoedige dood gebring vir hierdie evolusionisties-filosofies bevooroordeelde interpretasie van onder andere die Johannesevangelie.

*•MARTIN HEIDEGGER EN DIE TWINTIGSTE-EEUSE HERMENEUTIEK*

Dit is besonder opvallend en ironies dat 'n nie-teoloog en nie-Christen, in die persoon van Martin Heidegger met sy eksistensialistiese filosofie, 'n deurslaggewende invloed op die teologiese hermeneutiek van die grootste deel van die twintigste eeu gehad het.

Kortliks gestel:
Die grootse Rudolf Bultmann, Nuwe-Testamentikus van Marburg, sluit

hom in die eerste helfte van hierdie eeu in sy hermeneutiese benadering sterk aan by die filosofie van die vroeëre Heidegger, sy vriend en kollega by die Marburgse Universiteit. Daarom val al die nadruk in sy Entmythologiserungshermeneuse voluit op die eksistensiële synsbeslissing hier en nou. Die "Historie" van 'n moontlike maar onkontroleerbare en daarby onbelangrike opstanding van die historiese Jesus moet plek maak vir die ware "Geschichte" van die tot 'n lewende beslissing dwingende betekenis van die kerugmatiese Christus hier en nou in my lewe.

Om die afhanklikheid van en tegelykertydse selfstandigheid teenoor Heidegger se eksistensialistiese filosofie kortliks te illustreer haal ek aan uit my vroeëre artikel, "Die betekens van kruis en opstanding by Rudolph Bultmann" in *Neotestamentica 4 (1970). Aspekte van die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek.* RGN-Publikasiereeks nr. 35:108-109:

"Bultmann sien dit as die taak van die moderne Nuwe Testamentikus om 'n eksistensialistiese interpretasie van die 'dualistiese mitologie' van die Nuwe Testament daar te stel, wat vir hom beteken: 'an existentialist unmythological interpretation of the Christian understanding of Being'. Tog wil hy sy teologie nie laat vereenselwig met die eksistensialistiese filosofie nie, en sou hy sekerlik, by alle aansluiting by en ontlening aan Heidegger, geen Heideggeriaan genoem wou wees nie. Die rede hiervoor is dat 'these philosophers are convinced that all we need is to be told about the 'nature' of man in order to realize it', terwyl dit presies die punt is waarop hulle pad en dié van die Nuwe Testament uitmekaar gaan. Want die Nuwe Testament 'afirms the total incapacity of man to release himself from his fallen state. That deliverance can come only by an act of God. The New Testament does not give us a doctrine of 'nature', a doctrine of the authentic nature of man; it proclaims the event of redemption which was wrought in Christ'".

Hieruit is dit duidelik hoedat Bultmann in sy werklikheidsvisie en in sy visie op wat die sin van die menslike bestaan is, soos hyself erken het, sterk op Heidegger se filosofie gebou het en tog teologies gesproke geen parasiet wou wees nie.

Terwyl Bultmann sterk aangesluit het by die vroeëre Heidegger en sy vraag na die verstaan van die Syn van die moderne mens, vind ons by twee van sy prominente leerlinge, Gerhard Ebeling en Ernst Fuchs, -'n baie noue aansluiting by die latere Heidegger met sy konsentrasie op die taal-en-verstaanvraag.

### **DIE INVLOED VAN HEGEL OP 'N MODERNE TEOLOOG SOOS JURGEN MOLTMANN*

Hegel noem Christus se dood die "Negation der Negation" en die "Tod des Todes". Oor die betekenis van Christus se dood sê hy: "Es ist die unendliche Liebe, dass Gott sich mit dem ihm Fremden identisch gesetzt hat, um es zu tödten".

Dit is volledig binne die dialektiek van Hegël se tese, antitese en sintese te vertaan. Hegel noem hierdie proses in God "Umschlag" of "Umkehrung". Tog beteken dit nie die einde van God nie: "Gott ... erhält sich in diesem Prozess und dieser ist nur der Tod des Todes" (Vorlesungen über die Philosophie der Religion).

Moltmann noem die beskrywing van Christus se dood as soendood 'n sekondêre interpretasie. Ten diepste sien Moltmann, nes Hegel, die offer van Christus as opheffing deur identifikasie: die offer beteken dat God Hom in die Seun met die mens se lyding, godverlatenheid en dood identifiseer en dit sodoende oorwin. "Im Grunde werden Wunden nur durch Wunden geheilt" (1977, Neuer Lebenstil, bl. 17). Hierdie identifikasie met die vreemde skep 'n konflik in God wat Hy in Homself uitstry (1973, Geschichtspunkte der Kreuzestheologie Heute, in: *Evangelische Theologie,* vol. 33:353). Die dood van Christus moet ons trinitaries sien: dis die dood van die Seun, wat al die negatiewe magte insluit en so in God opgehef word. Moltmann kan daarom presies Hegel se taal praat. Christus se dood is die "Vernichtung des Nichts" en die "Negation des Negativen". In die opstanding word die negatiewe opgehef.

### **H.M. KUITERT SE OPENBARINGSBEGRIP EN DIE FILOSOFIE VAN FEUERBACH*

In groeiende mate word "openbaring" by H.M. Kuitert 'n menslik bepaalde saak. Al meer kom volgens hom God alleen in woorde en dade van *mense* tot ons (vgl. o.a. Kuitert, 1975[4], Zonder geloof vaart niemand wel, bl. 28, 105, 107). Waar Kuitert vroeër nog "openbaring" die resultaat van God se "bondgenootschappelijke omgang" met die mens geag het, bly daar in sy jongere werke al meer net *die mens* oor:

"Alle spreken van boven komt van beneden, ook de uitspraak dat iets van boven komt" (1975, 28). In sy *Wat heet geloven?* (1977, 188-189) gaan Kuitert sover as om "openbaring" te definieer as: "heel dat historische proces van 'meningsvorming' over God en Zijn heil".

Hiermee is Kuitert, na die oordeel — ons insiens tereg — van W.H. Velema (1976, De zaak waarvoor wij staan, bl. 83) volledig op een lyn met die Duitse filosoof Feuerbach, wat godsdiens en die hele spreke oor 'n hemel en 'n hel as projeksies van die mens beskou.

— Ons sou nog lank kon handel oor die ingrypende invloede van moderne taalfilosofieë op teologiese benaderinge van die hermeneuse van die Skrif, maar daar moet hiermee volstaan word.

## DIE BELANG VAN DIE FILOSOFIE VIR ONS EIE TEOLOGIE VANDAG

Indien die voorgaande die indruk geskep het dat daar vanuit die geskiedenis van die invloed van die filosofie op die teologie baie negatief teenoor die filosofie as sodanig gestaan moet word, is so 'n indruk beslis verkeerd.

Die bedoeling was om aan te toon watter onmiskenbare en ingrypende invloede daar vanuit veral heidense en/of buite-Bybelse filosofiese sisteme deur die eeue heen op teologiese denke uitgegaan het.

As dit vasstaan, hoe ontsaglik belangrik is dan nie vir ons die sistematies doelbewuste uitbouing van 'n Bybelsgefundeerde Christelike filosofie nie?

Inderdaad was die grotes onder gereformeerd-Bybelse teoloë deur die eeue ook weldeurknie in die filosofie: Augustinus, Calvyn, die Dordtse vaders, Kuyper, Bavinck.

Omgekeerd staan die geweldige invloed van onder andere Dooyeweerd se filosofie op die teologiese denke in "gereformeerd Nederland", die bykans oorheersende plek van Cornelis van Til in die Orthodox Presbiterian kringe en ver daarbuite in die VSA, en die heilsame en vormende invloed van H.G. Stoker se filosofie in die gereformeerde teologie van Suid-Afrika bo alle twyfel vas.

Baie konkreet: in die lewende situasie van 'n universiteit soos byvoorbeeld die PU vir CHO, wat werklik met Christelike wetenskap en onderwys erns wil maak, blyk dit steeds duideliker en moet steeds intensiewer erns gemaak word met die feit dat gesonde *wisselwerking* en *samewerking* tussen 'n Christelike filosofie en 'n gereformeerd-Bybelse teologie onmisbaar is —

*wisselwerking*, want ook die teologie, waar dit Skrifgetrou Bybelse waarhede en perspektiewe oopdek en ontvou, het vir 'n Christelike filosofie-uitbouing véél te sê;

*samewerking*, want die Christelike filosoof en die gereformeerde teoloog het saam, soos ons dit kennelik die afgelope paar jaar aan die PU vir CHO ervaar, 'n magtige taak ten opsigte van die ontplooiing en uitbou van 'n werklike Christelike wetenskap en wetenskapsbeoefening ook in al die geledinge van wetenskap.